HOËRSKOOL BONNIEVALE

023 616 2160
admin@hsbonnievale.co.za
hsbonnievale.co.za
Privaatsak X2, Bonnievale, 6730
Van der Merwestr. 6, Bonnievale, 6730

Gedragskode vir leerders

5. Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag

5.1 Skooldrag

5.1.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite, soos deur die beheerliggaam bepaal, gedra word.

5.1.2 Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Wat onderhemde betref, mag seuns slegs ’n wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie.

5.1.3 Somersdrag word in die eerste en vierde kwartale en wintersdrag in die tweede en derde kwartale gedra. Die skoolhoof kan sy diskresie gebruik om uitstel te verleen vir volle implementering van wintersdrag of somersdrag.

5.1.4 Kleredragreëls van HS Bonnievale is soos volg:

HOËRSKOOL

GRAAD 8 - 12 :

SOMER:

DOGTERS: Bottelgroen skoolromp of skoolrok met omgevoude wit skoolsokkies, swart skoolskoene, wit skoolhemp, bottelgroen v-hals moulose oortrektrui OF bottelgroen v-hals langmoutrui*

SEUNS: Grys kortbroek/langbroek, wit skoolhemp, bottelgroen v-hals moulose oortrektrui / bottelgroen v-hals langmoutrui*, **grys** sokkies*, swart skoolskoene

* Die langmou bottelgroen v-hals skooltrui / bottelgroen v-hals moulose oortrektrui / skoolbaadjie (met wapen en silwer knope) word gedra na gelang van weersomstandighede.

* Die moulose oortrektrui en langmoutrui mag sonder 'n baadjie gedra word.

* Meisies moet ten minste die **moulose oortrektrui dra saam met die wit skoolhemp en skoolromp.**

* Rokke en rompe se lengte moet 2 – 7 cm bokant die knie wees.

* NOTA: SEUNS EN DOGTERS MAG NIE WIT SOKKIES BY HUL GRYS LANGBROEKE DRA NIE.

Die dra van grys langbroeke in die somer is vanaf Januarie 2018 uitfasseer.

GRAAD 8 - 12 :

WINTER:

DOGTERS: Skoolbaadjie, bottelgroen skoolromp of skoolrok, grys langbroek, wit skoolhemp (met boordjie) en **das**, swart kouse, **grys** sokkies by langbroek en swart skoolskoene

SEUNS: Skoolbaadjie, grys langbroek OF grys kortbroek, wit skoolhemp (met boordjie) en das, **grys** sokkies en swart skoolskoene

* Die langmou bottelgroen V-hals skooltrui / bottelgroen V-hals moulose oortrektrui word gedra saam met skoolbaadjie (met wapen en silwer knope) na gelang van weersomstandighede.

* Rokke en rompe se lengte moet 2 – 7 cm bokant die knie wees.

* Tydens alle formele geleenthede soos prysuitdelings of seremonies waar die publiek betrokke is, moet die seuns die grys langbroek dra.

*NOTA: SEUNS EN DOGTERS MAG NIE WIT SOKKIES BY HUL GRYS LANGBROEKE DRA NIE

*Slegs groen HSB-serpe mag in die winter gedra word

***** Rokke en rompe se lengte moet 2 – 7 cm bokant die knie wees.

LAERSKOOL

GRAAD 1 - 7:

SOMER:

DOGTERS: Bottelgroen skoolromp of skoolrok met kort omgevoude wit skoolsokkies en swart skoolskoene, wit skoolhemp, bottelgroen v-hals moulose oortrektrui OF bottelgroen v-hals langmoutrui*.
Slegs Graad 1- 7 mag kaalvoet loop in die somer. Die dra van grys langbroeke in die somer is vanaf Januarie 2018 uitfasseer

SEUNS: Grys kortbroek of langbroek met grys sokkies en swart skoolskoene, wit skoolhemp, bottelgroen v-hals moulose oortrektrui OF bottelgroen v-hals langmoutrui *. Slegs Graad 1 - 7 mag kaalvoet loop in die somer.

Seuns en meisies in gr. 1 tot 3 mag die skool se amptelike swart plakkies by die skool en na sportgeleenthede dra. Plakkies mag nie in klastyd gedra word nie.

NOTA: TEKKIES WORD NIE BY GRYS LANGBROEKE TOEGELAAT NIE!
SEUNS MAG NIE WIT SOKKIES BY HUL GRYS LANGBROEKE DRA NIE

* Die langmou bottelgroen v-hals skooltrui / bottelgroen v-hals moulose oortrektrui / skool se amptelike Quantex skoolsweetpakbaadjie met die skoolwapen op en sonder ‘n kappie / skool se amptelike reenbaadjie met ‘n kappie word gedra na gelang van weersomstandighede.
***** Rokke en rompe se lengte moet 2 – 7 cm bokant die knie wees.

GRAAD 1 - 7:

WINTER:

DOGTERS: Bottelgroen skoolromp of skoolrok met lang swart kouse/kort omgevoude wit skoolsokkies, **grys** sokkies by langbroek en swart skoolskoene, wit skoolhemp **met das (gr. 5 tot 7)**, grys langbroek, bottelgroen V-hals langmouskooltrui / bottelgroen V-hals moulose oortrektrui / skool se amptelike Quantex skoolsweetpakbaadjie met die skoolwapen op en sonder ‘n kappie.

SEUNS: Grys kortbroek/langbroek en **grys** sokkies met swart skoolskoene, wit skoolhemp **met das (gr. 5 tot 7)**, bottelgroen v-hals langmou skooltrui / bottelgroen V-hals moulose oortrektrui / skool se amptelike Quantex skoolsweetpakbaadjie met die skoolwapen op en sonder 'n kappie / skool se amptelike reenbaadjie met 'n kappie.

Dasse is nie verpligtend vir Gr 1 - 4 nie.

*NOTA: SEUNS EN DOGTERS MAG NIE WIT SOKKIES BY HUL GRYS LANGBROEKE DRA NIE
TEKKIES WORD NIE BY GRYS LANGBROEKE TOEGELAAT NIE!

*Slegs groen HSB-serpe mag in die winter gedra word

* Rokke en rompe se lengte moet 2 – 7 cm bokant die knie wees.

SPORTDRAG – DOGTERS EN SEUNS

Gr. 1 tot 3 seuns en dogters mag skool se amptelike swart plakkies by die skool en by sport- en sosiale geleenthede dra, mits dit nie saam met 'n grys skoollangbroek gedra word nie. Die plakkies mag nie in die klaskamer gedra word nie.

Kortmoufrokkies mag onder sportklere gedra word. Langmoufrokkies mag slegs onder sportklere wat lang moue het gedra word. Langmoufrokkies mag nie saam met sportklere met kort moue gedra word nie en die moue van langmoufrokkies mag nie onder sportklere se moue uitsteek nie. Slegs wit frokkies word toegelaat.

Die swart Bonnies-t-hemp mag nie by amptelike sportgeleenthede soos wedstryde, sportdae, swemgalas en funksies gedra word nie. Dit mag gedra word vir LO-prakties en sportoefeninge. Dit wit Bonnies-t-hemp mag slegs tot die einde van 2025 gedra word.

DOGTERS

ATLETIEK:

Gr. 1-3:	HSB-sporthemp; swart atletiekbroek; skoolsweetpak; tekkies of skool se amptelike swart plakkies
Gr. 4-12:	Geel HSB-frokkie, swart atletiekbroek; skoolsweetpak

NETBAL:

OEFENING:	Enige netjiese sportdrag
WEDSTRYD:	Bottelgroen netbalrompie met HSB-sporthemp, wit sokkies, tennisskoene en skoolsweetpak / eenvormige spandrag waar van toepassing.

SWEM:	Eenstuk-swembroek (Fatsoenlike snit) Swempette is verpligtend vir alle leerders

TENNIS:

OEFENING:	Enige netjiese sportdrag.
WEDSTRYD:	Groen netbalrompie en HSB-sporthemp, wit sokkies en tennisskoene

SEUNS

ATLETIEK:

Gr. 1-3:	HSB-sporthemp; swart atletiekbroek; skoolsweetpak; tekkies of skool se amptelike swart plakkies
Gr. 4-12:	Geel HSB-frokkie, swart atletiekbroek; skoolsweetpak

RUGBY:

OEFENINGE:	Enige rugbytrui, -broek en -kouse
WEDSTRYDE:	HSB-rugbytrui, swart rugbybroek, skoolrugbykouse waar van toepassing. ‘n Swart second skin word toegelaat onder die HSB-rugbytrui.

SWEM: 'n Gewone swembroek

Swempette is verpligtend vir alle leerders

TENNIS:

OEFENINGE: Enige netjiese sportdrag.

WEDSTRYDE: Groen HSB-kortbroek met sakke , HSB-sporthemp, wit sokkies en tennisskoene

KRIEKET:

MINI-KRIEKET GR. 1 – 4:

OEFENINGE: Enige wit T-hemp met swart atletiekbroek.

WEDSTRYDE: HSB-sporthemp, swart atletiekbroek, grys skool-sokkies, tekkies, bottelgroen HSB-pet

LAERSKOOL:

OEFENINGE: Enige netjiese sportdrag.

WEDSTRYDE: HSB-sporthemp, swart atletiekbroek, wit sokkies, tekkies, bottelgroen HSB-pet

HOëRSKOOL:

OEFENINGE: Enige netjiese sportdrag.

WEDSTRYDE: O/19- en O/15-spanne: HSB-sporthemp, lang wit krieketbroek, wit sokkies, tekkies, groen HSB-pet

Ander spanne: HSB-sporthemp, groen sweetpakbroek, grys/wit sokkies, tekkies, groen HSB-pet

SKOOLFUNKSIES EN UITSTAPPIES – DOGTERS EN SEUNS

Groot Brag	-	Skoolsportdrag of skooldrag
Jaarlikse Interskole sport	-	Skoolsportdrag (spelers) of skooldrag (toeskouers)
Algemene sportwedstryde (weg)	-	Skoolsportdrag of skooldrag
Algemene sportwedstryde (tuis)	-	Spelers: Skoolsportdrag
	-	Toeskouers: Saterdae: Skoolsportdrag of skooldrag

	Weeksdae: Netjiese privaatdrag
Debat - tuis of weg	- Skooldrag
Uitstappies	- Skooldrag of soos ooreengekom met die hoof
SPORTDRAG IMPLISEER VOL SWEETPAK, TEKKIES MET HSB SPORTHEMP	

1	**Die SKOOLKAS.** **Ada de Wet 084 762 4729** **Ilze Wentzel 084 517 7851**	Skoolrompe, Skoolbaadjies, Skooldasse, skoolwapens en skoolserpe Bottelgroen v-hals truie – langmou en mouloos, HSB-sweetpakke – nuwe styl beskikbaar vanaf 2012. HSB reënbaadjies – nuwe styl beskikbaar vanaf 2012 HSB0gholfhemde en geel atletiekfrokkies. Netbalrompies. HSB-sporthemde en atletiekfrokkies. Swart oefenbroekies. Groen en swart spanbroekies Groen skoolbroekies vir dogters. Rugbysokkies. Swart skoolkouse Swembroeke en swempette. HSB pette. Skooltasse
2	**Klerebank** Die Skoolkas	Tweedehandse skoolklere

5.1.5 Die skool se amptelike groen HSB-skoolmussie mag in die winterseisoen gedra word totdat die eerste skoolklok van die dag lui en moet dan afgehaal word. Geen ander musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.

5.1.6 Die Skoolhoof kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burgerlike-/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

5.1.7 Komberse mag net tydens eksamentyd in klaskamers / eksamentye gebruik word in tye van erge koue toestande. Komberse mag nie tydens pouses / voor of na skool **op die skoolgronde** gebruik word nie.

5.2 **Voorkoms**

5.2.1 Hare

Dogters

- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
- Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
- Slegs haarbykomstighede (linte, kammetjies en bolletjies) wat by die skool se kleure pas, mag gedra word. (**Groen, wit, geel, bruin en swart**)
- Hare moet stewig vasgemaak wees.
- Vals haarstukke of vlegsels [“Braids”] word toegelaat, maar mag nie in die oë hang nie – indien lank, moet dit vasgemaak word.
- Skoolhoof en personeel se diskresie sal geld.

Seuns

- Hare moet kort en netjies geknip wees. Geen uitspattige haarmodes, kleure of style. Die skoolhoof en personeel se diskresie sal geld.
- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
- Baard en snor: Daagliks skoongeskeer.

5.2.2 Juwele

- Geen juwele, soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie.

- Slegs polshorlosies word toegelaat.
- Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard- goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
- Klein “stud” pêrel in oor word toegelaat. Deursnee nie groter as 5mm.

5.2.3 Naels

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Slegs kleurlose naellak of naelversterker.

5.2.4 Grimering

- Geen maskara, gekleurde lipbalm, oogomlyner of blosser word toegelaat wanneer skooldrag of sportdrag gedra word nie.

5.2.5 Tatoeëering

- Geen tatoeëermerke mag enigsins op die lyf sigbaar wees nie.

5.3 Prosedure vir leerders wat nie geskeer is nie:

Enige opvoeder wat `n leerder in skooltyd opmerk wat ongeskeer is, moet sodanige leerder verwys na die kantoor. Die sekretaresse sal dan `n skeermes voorsien sodat die leerder dadelik kan gaan skeer. As hy die skeermes terugbring sal die sekretaresse die skeermes in `n gemerkte plastieksakkie plaas. Indien die leerder weer verwys word, sal hierdie selfde skeermes uitgereik word. Slegs een skeermes word uitgereik tydens die leerder se skoolloopbaan. Indien die leerder kla dat sy skeermes stomp raak, is hy vry om self `n nuwe skeermes in te gee om teenoor sy naam gestoor te word. `n Stomp

skeermes is nie `n verskoning vir hoekom `n leerder nie wil skeer nie. Die leerder moes in die eerste plek by die huis geskeer het.

Die sekretaresse kan nuwe skeermesse bestel ná bespreking met die skoolhoof. Die onkoste sal gedek word uit die skoolhoof se diskresionêre fonds. Indien `n leerder weier om te skeer sal die leerder na die skoolhoof verwys word. Hy sal dan met die ouer of voog kontak maak om die leerder by die skool te kom haal sodat hy by die huis kan skeer en dan weer terugkom na die skool.

Indien `n leerder weens mediese redes nie kan skeer nie, moet die mediese sertifikaat wat die toestand omskryf by die skoolhoof ingehandig word, of die skoolhoof se diskresie sal geld.

`n Leerder wat tydens sportbyeenkomste ongeskeer is moet eers skeer alvorens hy kan deelneem.

6. Sport- en buitekurrikulêre aktiwiteite

6.1 Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite

6.1.1 Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitekurrikulêre aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos deur die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal. Sportdrag en skooldrag mag NIE gemeng word nie.

6.1.2 Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in ŉ aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien die afrigter / onderwyser in beheer by die eerste moontlike geleentheid persoonlik of telefonies

genader is ten einde verskoning vir die nie-bywoning aan te bied.

6.1.3 Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die volgende persone gehoor gee:

6.1.3.1 die sporthoof en die opvoeder of ouer wat by die bepaalde sport betrokke is;

6.1.3.2 die skeidsregter of beoordelaar in beheer van die betrokke aktiwiteit; en

6.1.3.4 die spankaptein.

6.1.4 Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning onderneem, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

6.2 Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitekurrikulêre aktiwiteite

6.2.1 Alle leerders wat as toeskouers of ondersteuners enige skoolaktiwiteit bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.

6.2.2 Leerders wat as toeskouers of ondersteuners enige skoolaktiwiteit bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of

beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.

6.2.3 Bostaande reëls geld ook vir deelname aan enige ander buitekurrikulêrer aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.